

Jaarblad

HOËRSKOOL OOS-MOOT

1953

VOL. I Nr. I

ALLEENVERSKAFFERS

van

DIE HOËRSKOOL OOS-MOOT

SE SKOOLBENODIGDHEDE

UNIEWINKELS

VOORSIEN DIE MEESTE SKOLE IN PRETORIA VAN HULLE BENODIGDHEDE

DOGTERS

- Tobralco no. 711.... .... **6/6** per jaart
- Tobralco (wit) .... **6/6** per jaart
- „Haircord" (wit) .... **4/11** per jaart
- Bloesies. Vanaf .... **11/6** elk
- Berette .... **5/4** elk

★ Kleurbaadjies. Vanaf **95/9**

SEUNS

- Veka somer bosbaadjiepakkies. Vanaf **39/6**
- Hemde. Vanaf **12/-**
- Kouse. Vanaf **5/9**
- Skoene. Vanaf **40/-**
- Reenjasse: Plasties. Vanaf **22/9**
- Gaberdien. Vanaf **66/-**
- Reënhoede. Vanaf .... **5/9** elk
- Boeksakke. 14 dm. Vanaf **37/-**
- Elastiese swembroekies. Verskeidenheid van kleure. Vanaf 22/9

UNIEWINKELS

KERKSTRAAT 275, PRETORIA



Bls. 39-46.


VOORTREKKERS




en



KADETTE




Bls. 14



ONS BIBLIOTEEK

Bls. 38.

Bls 19.



Om 'n jaarblad die lig te laat sien in so 'n omgesukkelde jaar soos ons tans belewe en met 'n klompie st. 8- leerlinge as die seniors van die skool, is beslis gewaag.

As al die onklare dinge reeds klaar was en as ons na 'n jaar of twee st. 10- leerlinge het wat aan die jaarblad hoërskool-status kan gee - ja, dan sou ons taak beslis nie gewaag gewees het nie. Maar ..... as ons daarvoor sou wag, dan sou daar 'n jaar of twee in die bestaan van die Hoërskool Oos-Moot gewees het waarvan die jaarblaaie makeer, en dit mag nie gebeur nie! Ons klompie wat die eerste spore moet trap op die pad van ons skool wat later DIE skool in Pretoria moet word, wil die hele groei en ontwikkeling van die skool in sy jaarblaaie weerspieël. Ons wil hê dat die eerste spore duidelik moet wys - al is dit 'n kaalvoetspoor in die los sand van Waverley!

Ons eerste blaadjie sal dus nie indrukwekkend vertoon nie; hy is maar dun; ons het ook nie die geld om dit te laat druk nie; dit bevat ook nie fotos wat so nodig is by 'n jaarblad nie; die bydraes laat seker ook nog veel te wense oor. Maar ons sê net soos die grondleggers van ons skone modertaal wat by die verskyning van die eerste ou nietige blaadjie in Afrikaans gesê het:

„Klein begin; aanhou win! "

Volgende jaar gaan ons 'n volbloed-jaarblad publiseer - let gerus maar op!

Aan diegene wat meegehelp het om die uitgawe moontlik te maak, wil die Redaksie sy hartlike dank betuig. Daar is allereers die onderwysers wat

verslae/.....

verslae moes lewer oor doe onderskeie vertakkings van ons skoolbedrywighede; dan noem ons mev. Haarhoff wie se vaardige vingers die bydraes op wasvelle getik het; derdens is daar die leerlinge wat bydraes gelewer het, en les bes die paar adverteerders vir wie ons genader het en wat dadelik bereid was om ons te help. Die lesers van ons blad moet hulle name onthou en hulle ondersteun.

Die jaarblad word aangebied aan ons hoof mnr. J. C. Geertsema, in die hoop dat dit hom sal besiel om verder met vuur te veg vir die belange van ons skool.

WERK EN OORWIN.

------oooOooo------

VAARWEL.

Ons sekretaresse, mev. L. Haarhoff, verlaat ons aan die einde van hierdie jaar om weer terug te gaan na haar „een-man-skool" toe. Ons mag nie kla nie, maar nogtans wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om u n baie hartlike woord van dank toe te voeg namens die redaksie van ons blad.

U hulp, altyd so vrymoediglik geskenk, word ten seerste waardeer en om u nie nog meer te belaai nie, het ons iemand anders gevra om hierdie deeltjie te tik !

Nogmaals baie dankie vir die waardevolle hulp en mag Gods rykste seën u vergesel in die toekoms.

Red.

-------oooOooo-------

„Berispe jou vriende onder vier oë, prys hulle in die openbaar."

MNR. J.C. GEERTSEMA -

enkele besonderhede oor ons hoof.

Mnr. Geertsema is op 9 Okt. 1902 op die plaas Rietfontein naby Zwartruggens gebore en het sy laerskoolopleiding van sy vader, wat ook onderwyser was, ontvang. Sy vader is op vier-en-tagtigjarige leeftyd nog redelik sterk en lees nog baie.

Sy hoërskoolopleiding het hy aan die skool op Ermelo ontvang en daarna gaan hy na die Normaal-kollege op Potchefstroom waar hy hom as onderwyser bekwaam. Op kollege het hy ook aktief aan sport deel geneem en o.a. in die eerste rugbyspan gespeel.

1924 Vind die jong onderwyser aan die intermediêre skool op Schweizer-Reneke waar hy tot die einde van 1935 arbei. Met ywer wy hy hom aan die onderwys, aan rugby en tennis en aan die kulturele lewe van die dorp.

In 1927 onderbreek hy sy werksaamhede en gaan na die destyds P.U.K. om die graad B.Sc te behaal. Tydens sy studie speel hy in die universiteit se eerste span tennis en verwerf erekleure daarvoor. Voortaan sou hy hom oral op die tennisbaan as 'n eersterangse speler onderskei.

In 1929 is hy getroud met Mej. Anna Helena de Kock; uit welke huwelik drie kinders gebore is - al drie tans studente.

Sedert 1936 is mnr. Geertsema aan die Ventersdorpse Hoërskool verbonde en in die elf jaar wat hy daar arbei, het hy ook besonder baie dienste aan die gemeenskap gelewer op kulturele gebied, met kunswedstryde en met tennis. Dit was baie vrugbare jare en ondertussen het hy ook voort-gegaan met privaat studie, sodat hy in 1942 die graad M.Ed. aan die P.U.K. behaal.

Gevolglik/.....

Gevolglik het hy ook spoedig hierna bevordering gekry en is in 1947 as hoof van die skool op Coligny aangestel.

Twee jaar daarna is hy na Springs toe as hoof van die Junior-hoërskool Dagbreek. Toe die skool later omskep is as 'n hoërskool vir meisies (die hoër meisieskool Hugenote) is Mnr. Geertsema in 1952 na Pretoria toe.

Ons het in hom 'n persoon wat selfs deur sy familie ten nouste aan die onderwys verbonde is - trouens sy twee broers en drie susters het ook almal onderwys as hulle lewensroeping gekies. Ons het verder in hom 'n veelsydige mens wat hom akademies, kultureel en liggaamlik goed ontwikkel het. En verder ook 'n opvoeder met baie ervaring. Maar bowe-al: 'n opvoeder met gesonde godsdienstige en volksbeginsels.

Sterkte vir die taak om die hoërskool Oos-Moot te bou!

-------oooOooo-------

'n Barbier is tot die dood veroordeel. Op die dag van sy teregstelling word hy gevra of hy nog 'n laaste versoek het.

„Ja", was sy antwoord, „Ek sou graag my advokaat vir oulaas wou skeer."

Willem: Juffrou hoe lank kan 'n bobbejaan sonder harsings lewe

Juffrou: Ek weet nie Willem, maar hoe oud is jy?

Modder: Wat maak julle in die badkamer

Jannie: Ons speel skipbreuk maar Kosie wil nie verdrink nie.

ONS HOOF Gesels.

GREPE UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE DERDEPOORTSE HOERSKOOL EN DIE HOERSKOOL OOS-MOOT.

8 Jan., 1952.

Op die hoek van Pierneefstraat en 25ste Laan, Villieria staan 'n nuwe sierlike skoolgebou wat opgerig is vir laerskoolleerlinge van die omgewing. Hier neem vanmôre die nuwe Derdepoortse Hoërskool 'n aanvang. Daar is die 211 leerlinge, onderwysers(esse), ds. H.F.V. Kruger, mnr. J.G.Nel, inspekteur van Onderwys en mnr. J.S. Du Plessis, Sekretaris van die Skoolraad van Pretoria en 'n groepie ouers.

Ds. Kruger open die skool met sang, skriflesing en gebed. Daarna spreek mnr. J.G. Nel, inspekteur van Onderwys, mnr. Du Plessis namens die skoolraad en die hoof, mnr. J.C.Geertsema, die leerlinge toe. Die hoof wys hulle o.m. op die belangrikheid van die jaar 1952 vir die Afrikaanse volk en verwys hulle o.a. na die woorde van dr. Malan, ons Eerste Minister, wat net 'n paar dae van te vore die poskoets vanaf Ohrigstad afgestuur het. Die woorde deur dr. Malan gebesig was: „Ons moet voorop in ons gedagte hou dat die grootheid van 'n nasie nie bestaan in die uitgestrektheid van sy gebied of in die getalsterkte van sy bevolking of in die rykdom van sy bodem of selfs in die peil wat sy kultuur bereik het nie, maar in die grootheid van sy siel, in die rykdom van sy karakter en die werkdadige eienskappe van sy gees. Laat dit ons rigsnoer wees.

Die/ .....

Die werksaamhede is onder die volgende personeel verdeel:

Mnr. J.C. Geertsema (Hoof):	Beroepsvoorligting en Bybelonderwys.
Mnr. S.N. van Vuuren:	Rekene
Mnr. H.A. Knaap.	Wiskunde en Natuurwetenskap
Mnr. G. Yssel:	Boekhou en Aardrykskunde.
Mnr. J.G. Erasmus:	Noord-Sotho, Geskiedenis & Aardrykskunde.
Mnr. S.J.M.Swanepoel:	Geskiedenis en Engels.
Mnr. W. Pretorius:	Afrikaans.
Mnr. W.Lloyd-Townsend:	Handwerk en Ligg.Opv.vir Seuns.
Mev. Beerstecher:	Engels
Mej. C.E.Viljoen:	Huishoudkunde en Gesondheidsleer.
Mej. H.M. du Plessis:	Snelskrif en Tikskrif & klaswerk.
Mej. A.D.Campher:	Ligg.Opvoeding & Klaswerk.
Mev. H. Combrinck:	Sang & Algemene klaswerk.
Mev. L. Haarhoff:	Sekretaresse.

Wat die skoolgronde betref - dit was woes begroei met hoë gras en speelruimte was daar nie. In die gras was daar baie klein verkleurmannetjies wat dikwels deur sommige leerlinge versamel en dan in die klaskamers gebring is.

Hoe moes ons nie in die begin ons behelp met dubbelbanke nie, want enkelbanke was nie verkrybaar nie. Daar was 'n gedurige uitruiling van dubbelbanke vir enkelbanke, totdat eindelik net enkelbanke gebruik is. Die laaste uitruiling het aangehou tot in 1953.

28.2.53

Vandag is 'n tweedehandse klavier vir die skool op die £- vir £-sisteem aangekoop nadat 'n paar onderwysers as borg geteken het vir die geld by Volkskas.

Op 'n paar na is al die leerlinge per skoolbus na die skool vervoer. Wat 'n gesukkel was dit nie om die leerlinge te verdeel sodat hulle die geskikste bus gebruik vir hulle vervoer nie!

29. 2.52

29. 2.52
Vandag het inspekteur Nel 'n paar stukkies natuurwetenskapapparaat gebring en diefwering is voor die venster van die tikkamer aangebring.

12. 3.52
In die huishoudkunde-sentrum word die nodige elektriese kragpunte aangebring vir die elektriese stowe.

21. 3.52
Tien houtwerkbanke word vandag afgelewer.

27. 5.52 Vandag is 'n span bandiete besig om die speelgronde te skoffel en gelyk te maak.

11. 8.52
Die elektriese masjiene in die handwerk-sentrum word vandag aangeskakel asook die koelkas in die huishoudkunde sentrum.

28. 8.52
Die vier korfbalspanne afgerig deur Mej. Viljoen een middag per week op East Lynne en een middag op Silverton onderskeidelik, speel vandag hulle eerste wedstryde teen die Tegniese Kollege, Pretoria. Die vierde span wen hulle wedstryd, die ander drie delf die onderspit.

Mnr. Townsend rig ook een middag per week die seuns af op East Lynne en 'n ander middag op Silverton. Vir hulle kon ongelukkig nie wedstryde gereël word nie.

2. 9.52
Die kennisgewing aan die ouers i.v.m. die nominasies van kandidate vir lidmaatskap van die Beherende Liggaam word vandag aan die leerlinge uitgedeel.

6.10.52
Vandag is 'n aanvang gemaak met die omheining van die skoolterrein. Hoe moeilik was dit om die leerlinge by die skool te hou.

11.11.52.
Die Beherende Liggaam is as volg saamgestel: Verkies deur die ouers: Mnre. B. Auret, A. Bester, D.J. Pieterse, L.C. v.d.Merwe, ds.W.P.de Vos en Prof. P.C.J.Oberholzer. Benoem deur die Administrateur: Prof. M.S.B.Kritzinger, Mnre. Muller en H.F.A.Yeld.

By/.....

By die eerste vergadering hierna is Mnr. L.C. v.d.Merwe verkies tot Voorsitter, ds. De Vos ondervoorsitter en mnr. T.G.Miller tot sekretaris.

28.11.52.

Die skool sluit vir die Desembervakansie met 230 leerlinge op die rol. Die voorsitter van die Beherende Liggaam is teenwoordig by die sluiting en bedank die onderwysers vir die dienste gelewer die afgelope jaar en spreek ook 'n woord aan die wat nie weer terug kom volgende jaar nie.

7. 1.53

Die skool heropen vandag na die Desembervakansie. Tien lede van die personeel is nou permanent benoem en die werksaamhede word as volg verdeel:

Mnr. J.C. Geertsema, B.Sc., M.Ed., O2. Hoof,Wiskunde
Mnr. J.A.v.d.Walt, B.A., B.Ed., U.O.D. Onderhoof, Afrikaans.
Mnr. H.A.Knaap, B.Sc.,B.Comm.H.O.D. Rekenkunde en Boekhou
Mnr. J.G.Erasmus, B.A., B.Ed., U.O.D. Noord-Sotho, Beroepsvoorligting & Gesk.,
Mnr. G.D.J.Duvenage, B.A., T.O.D.Gesk., en Aard.
Mnr. J.S. du Toit, B.A., T.O.D.Handwerkdiploma, Handwerk.
Mnr. P.A.de Villiers, B.Ed.,Phys. Ligg. Opvoeding en Natuurwetenskap.
Mnr. S.N. van Vuuren, B.A., O2. Algemene Klaswerk.
Mnr. P.du P. v.d.Walt, B.A., H.S.O.D. Algemene Klaswerk.
Mej. S.D.Jackson B.A., T.O.D., Snel- en Tikskrif.
Mej. S.M.Meintjes B.Ed.Phys. Ligg. Opv. en Engels.
Mej. J.C.Pretorius B.A., U.O.D. Sang & Afrikaans.
Mev. E.E.Pretorius B.A., T.O.D. Engels.
Mev. C.E.Strydom T.O.D. Huishoudkunde diploma Huishoudkunde & Gesondheidsleer.

(Vanaf die begin van Augustus 1953 beklee Mev. A.C.H.van der Walt, B.Sc., T.O.D. die pos van mnr. P.du P.v.d.Walt.)

Die/.....

Die aantal leerlinge het nou aangegroei tot 275.

'n Aanvang word ook gemaak met die gelykmaak van die speelgronde en die teer van die reghoek. Die lawaai gemaak deur die masjiene wat gebruik word bemoeilik die werk geweldig. Deure en vensters kan ook nie gesluit word nie, want dan is dit weer te warm.

Hierdie kwartaal verloop sonder dat iets noemanswaardig gebeur, behalwe dat die masjiene wat gebruik word om die gronde gelyk te maak so 'n lawaai maak dat onderwys gee soms byna onmoontlik is. Aan die einde van die eerste kwartaal sluit die skool met 282 leerlinge op die rol.

8. 5.53.

Van die leerlinge het deelgeneem aan die plaaslike kunswedstryd en Martha Butler, Theodora Pretorius en Wilhelmina Booysen het goed presteer. Die volkspelegroep onder leiding van Mnr. G.Duvenage en Mej. Jackson met begeleiding op die trekklavier deur Mev. Strydom het 'n versilwerde sertifikaat verower saam met 'n brons medalje.

20. 5.53.

Vandag 'n skrywe van die Sekretaris: Transvaalse Onderwysdepartement gekry waar o.a. vermeld word dat die Derdepoortse Hoërskool tydelik moet verhuis na die gebou van die voorgestelde Engelsemediumskool te Waverley en dat met die verskuiwing die naam van die Derdepoortse Hoërskool verander word om aan te dui dat dit die nukleus vorm vir 'n toekomstige hoërskool in die gebied Waverley, Villieria en Rietfontein.

12. 6.53

Die skool se leerlinge is gelykop in drie groepe ingedeel: die Amptenare, Burgers en Heemrade in ooreenstemming met die drie groepe gedurende die volksplanting aan die Kaap 1652, daar die skool in 1952, 300 jaar daarna, begin het.

Vandag kan ons ons eerste atletiekbyeenkoms op die skoolgronde wat pas voltooi is hê. Van die ouers van die kinders, wat almal per brief uitgenooi is, is teenwoordig asook lede van die Beherende Liggaam en die Inspekteur van Onderwys

Mnr./..

Nel. Die uitslag van die kompetisie bly in die weegskaal tot op die end. Die Amptenare behaal die eerste plek met 106 punte, die Heemrade tweede met 103 punte en die Burgers die derde plek met 99 punte. Die byeenkoms het vlot verloop en is bepaald 'n rooiletterdag in die geskiedenis van die skool. Die verrigtinge is ook deur mnr. J.H. de la Rey vasgelê op 'n film, die eiendom van die skool.

25 en 26. 6.53

'n Groep van 160 leerlinge onder toesig van 8 onderwysers(esse) is elk van die dae die stad in om besienswaardige plekke te gaan besigtig en die res help met die trek na die nuwe skoolgebou in Waverley.

Hiermee sluit die geskiedenis af van die Derdepoortse Hoërskool.

28. 7.53 <u>Die Hoërskool Oos-Moot.</u>

Die skool heropen na die wintervakansie in die nuwe gebou te Waverley en van Departementsweë is die nuwe naam Hoërskool Oos-Moot aan die hand gedoen vir die skool. Dit is ook so aanvaar.

Baie van die leerlinge het vandag die skool se nuwe kleurbaadjie aan.

Dit is weer 'n nuwe plek met al die probleme van 'n nuwe plek. Die gras groei welig naby die skool en wil ook nie vlam vat nie. Die grond sal nog mak gemaak moet word.

18. 8.53.

Ons het 'n stuk of 60 Populus Deltoida-bome van die Skoolraad ontvang. Elke diensdoende onderwyser plant 'n boom en elkeklas kry 'n stuk of vier of vyf bome om te plant en te versorg. (Die bome groei almal)

25.9.53

Het ons tog nie die afgelope kwartaal min kon doen in die twee sentrums nie, want die elektriese krag was nog nie beskikbaar nie. Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat die aansluiting begin volgende kwartaal voltooi sal wees.

Ons/.....

10.10.53

Ons nuwe vaandel is klaar. Die wapen, ontwerp deur mnr. J.S. Du Toit met die leuse "Werk en Oorwin", wat daarop pryk, word vandag in gebruik geneem wanneer van die leerlinge gaan deelneem aan die optog in die stad i.v.m. Krugerdag.

Dit is enkele grepe uit die geskiedenis van die skool tot op datum. Van die vele kere wat die skoolbusse laat was om die kinders na skool te vervoer en smiddae weer terug te neem na hulle huise, sal ons maar swyg.

Die aantal leerlinge staan tans op 275. Die verwagte inskrywing volgens die getalle waaroor ons tans beskik sal meer as 375 wees in 1954.

J.C. Geertsema
(Hoof)

-------oooOooo-------

Teleurstelling is vir die siel wat 'n donderstorm vir die lug beteken; dit maak hom skoon.

Die enigste manier om goeie vriende te hê, is om self een te wees.

'n Optimis sien 'n geleentheid vir elke teenspoed; 'n pessimis sien teenspoed in elke geleentheid.

VERSLAE

BUITESKOOLSE BEDRYWIGHEDE IN 1953.

Omdat ons nie velde gehad het nie en omdat die leerlinge per bus na en van die skool vervoer word, kon ons gedurende die afgelope jaar weinig aan hierdie vertakking van ons skoollewe doen. En dit is tog so 'n belangrike en interessante vertakking!

Soos uit die sport- en sosiale verslae in hierdie jaarblad blyk, het ons nogtans aanvoorwerk in 'n paar rigtings gedoen en ons was baie aangenaam verras met die sukses wat ons behaal het. Ek noem hier eerstens ons mooi prestasie in volkspele op die Pretoriase kunswedstryd waar ons as nuwelinge 'n tweede plek verower het. Daarvoor verdien mej. S. Jackson en mnr. G. Duvenage saam met hulle niggies en neefs ons dank. (Lees gerus mnr. Duvenage se mooi verslag hieroor). Tweedens noem ek ons geslaagde atletiekbyeenkoms gedurende Junie toe ons nog in Pierneefstraat was. Niemand het verwag dat dit so goed sou verloop nie.

Ondertussen het ons ook met Jukskei 'n begin gemaak en mnr. J. du Toit besiel met sy kenmerkende ywer vir die dinge wat hy aanpak, die spelers en speelsters. Dit is die regte soort sport vir ons Boereseuns en - dogters.

Maar .... dit is alles net aanvoorwerk; die volgende jaar sal die eintlike jaar wees! Dan moet Oos-Moot op elke terrein van hom laat hoor en baie duidelik ook!

As die skool volgende jaar heropen, begin ons dadelik met atletiek, sodat ons ook aan die interhoërskool-byeenkoms kan deelneem. Verder sal daar dadelik met tennis begin word, naas jukskei.

En/....

En daarna begin ook die wintersportsoorte: rugby, korfbal en hokkie.

Ons sal seker nie onmiddellik sterk spanne in die veld kan stoot nie; ons sal hoofsaaklik junior-spanne hê. Ons weet ook dat die sake baie tyd en op-offeringe van sowel onderwysers as leerlinge sal verg, maar ons gaan sommer in die hoogste versnelling begin!

J.A.v.d.Walt.

-------oooOooo-------

ONS LEKKERHOEKIE.

Dit is nou maar eenmaal die natuurlike geaardheid van 'n kind om gedurende skoolure lus te kry vir een of ander versnaperinkie. Daarom dan ook dat ons 'n klein hoekie oopgestel het, waar leerlinge gedurende speeltye gesonde en goedkoop lekkers kan koop.

Die winste (wat maar baie skraal is) word gestort in ons skoolfonds. Met sportbyeenkomste en ander funksies verskaf ons ook roomys, koeldranke en dies meer.

Verlede jaar kon ons met die verkoop van 1d en 3d - lekkergoedsoorte plus-minus £13 wins in die skoolfonds stort.

H.Knaap

-------oooOooo-------

'n Wyse man onder 'n klomp dwase, is soos 'n mooi meisie in die teenwoordigheid van 'n klomp blinde mans.

Rina Lötter
(St.8a)

K A D E T T E

1953 is die stigtingsjaar van 'n Kadet-afdeling aan die Hoërskool Oos-Moot.

Dis oorbodig om hier die voordele daarvan uiteen te sit. Net dit; mag hierdie fasiliteit aan ons skool bydra tot selfrespek, fierheid en dissipline van ons Afrikanerseuns.

Wanneer hierdie afdeling gegroei het tot die trots van die skool, laat ons dan terugsien na die stigtingsjaar en dank bring aan die paar offisiere wat die begin daarvan moontlik gemaak het.

Spesiale dank aan ons Hoof vir die tyd wat hy daarvoor afstaan.

J.S. du Toit

Bevelvoerder.

J U K S K E I.

Daar is gepraat, aangespoor, georganiseer, gegrawe, present skeie ontvang en weldra trek die eerste skei deur die lug en tref die pen mooi in die middel ..... was dit 'n voorteken van die sukses wat ons daarmee gaan behaal?

Vanjaar is 'n Hoërskoolbond gestig om sodoende die spel aan ons hoërskole te bevorder. Min mense is bewus van die kuns om die spel te beoefen en daar ons probeer om die liefde daarvoor by die jeug te kweek, hoop ons dat die Boerespel by die jeug, middeljariges en bejaardes sal posvat. Daar is min spele wat soveel genot gee vir oud en jonk saam en Oos-Moot sal sy deel daartoe bydra.

Vanaf volgende jaar sal die Hoërskoolbond georganiseerd funggeer en mag alle skole in die Hoofstad daaraan deelneem.

J.S. du Toit.

V O L K S P E L E

Ook hierdie nuwe braakland is aangevoor. Dit gaan maar so op 'n nuwe skool.

In die begin was daar groot pessimisme. Dinge wou maar nie vlot nie; veral die walspassie, gemaklike houding, grasieuse beweging en vriendelike gesigte. Later het dit begin verbeter en daarmee het nuwe hoop gekom, want 'n groep is ingeskryf vir die Pretoriase Kunswedstryd.

Die groot aand het aangebreek - eintlik te gou na ons sin. Dit was Vrydagaand, 8 Mei; die stadsaal is in beroering. Daar heers spanning en opgewondenheid. Orals is daar groepe volkspelers wat kom wedywer. Agter, in die regterhoekie van die stadsaal sit ook 'n groep. Die niggies in ligblou en wit en die neefs in wit, ligblou en donkerblou. Hulle lyk fiets, sommer mooi, soos die mense gesê het. Hulle is nie vroeër daar opgemerk nie; hulle is vreemdelinge. Hulle is eers gespanne en opgewonde. Mens sien dit; jy voel dit. Tussen hulle sit 'n meneer en twee juffroue. Die meneer rook meer sigaret-te as gewoonlik... die juffroue is stil; net nou en dan hoor 'n mens 'n sug en 'n wens. Die een raak naderhand doenig met die niggies; hulle word geverf en getooi, want hulle moet mooi lyk. Maar dit bring ook afwisseling en verligting vir die gespanne senuwees....

Iewers in die saal sit die Hoof. Ons weet nie hoe hy gevoel het nie.

Ons groepie se afdeling is aan die beurt en die belangstelling neem toe. 'n Groep kom op die verhoog; hulle intree-speletjie is asemberowend mooi; 'n mens kry eintlik hoendervleis. Wanhoop by die groepie agter in die saal. Maar dan begaan hulle foute en daar is weer nuwe hoop. So het hoop en wanhoop afgewissel tot ons beurt gekom het.

In die kleedkamer gaan dit eers erg; die verhoogkoors is sommer baie hoog. Die bene is lam

en/....

en die kele kurkdroog. Hoe moet 'n mens nou volkspele speel? Daar is selfs traantjies hier en daar... Die meneer praat maar moed in, maar hy het ook so 'n snaakse krieweling op die maag.

Dan is hulle op die verhoog. Dit gaan nie te goed nie. Met „Fyn soos 'n vlinder" gaan dit sommer "fyn". As "O, nooi van die velde" ook so goed was.....

Dis verby; nou nog net die uitslag. Daar kom dit: verteenwoordigers van die Derdepoortse Hoërskool moet asseblief na die verhoog kom. Spontane gejuig uit die regterhoek van die saal. As daar darem sulke gawe glimlaggies en stralende gesiggies op die verhoog was! ... Johan de Vaal en Wera Botha kom terug met 'n brons medalje en versilwerde sertifikaat.

Ons wil die volkspelegroep hartlik gelukwens met die tweede plek wat hulle in die O.16-afdeling verower het. Ook wil ons die wens uitspreek dat dit in die vervolg net so goed of nog beter sal gaan. Ons skool se naam is nou op die kaart en dit moet daar bly; ook moet ons bewys dat dit nie maar beginnersgeluk was hierdie keer nie.

Laaste, maar nie die minste nie: ons wil vir mev. Strydom baie groot dankie sê vir die begeleiding en vir mej. Jackson vir die baie moeite met die kleredrag.

G. Duvenage.

-------oooOooo-------

'n Optimis sien 'n geleentheid in elke teenspoed; 'n pessimis sien teenspoed in elke geleentheid.

Rina Lötter
(St. 8a)

DIE SKOOLFONDS - WAARVOOR?

Skynbaar verkeer baie van ons ouers onder verkeerde indruk aangaande die doel van die skoolfonds. Hierdie fonds word uitsluitlik gebruik om aan die leerlinge daardie geriewe, dienste en voorregte te verskaf, wat ons van departmentsweë nie ontvang nie.

Laat ons toe om 'n paar hier op te noem:-

(a) Sang, musiek en musiekwaardering behoort 'n baie groot rol te speel in die sosiale lewe van 'n nasie. Daarvoor is nodig klaviere, vir die leer van sing, grammofoons, vir die waardering van goeie musiek en dies meer. Die Departement verskaf nie musiekinstrumente onder die vry onderwysskema nie.

(b) 'n Helder, gesonde brein en verstand kan alleen gevind word in 'n sterk, gesonde liggaam. Daarom probeer ons so veel moontlik gekontroleerde sport invoer en daarvoor is benodig sportvelde, -bane, en apparaat. Ook hierdie uitgawes word nie deur die Departement gedek nie.

(c) 'n Goeie burger, wat in alle omgewings met vertroue kan beweeg, moet goedbelese wees. Om aan hierdie sy van die opvoeding te voldoen, is 'n goeduitgeruste skoolbiblioteek nodig. So 'n biblioteek kan alleen ten volle uitgerus word, mits ons geldelike steun en boeke van ouers en vriende ontvang.

(d) Om meer algemene kennis op te doen, organiseer ons graag besoeke aan fabrieke en ander besienswaardige inrigtings en plekke. Die uitgawes in hierdie verband word in baie gevalle grootliks deur die skoolfonds gedek.

(e) Graag wil hierdie skool 'n projektor aanskaf om deur middel van films sekere wetenskaplike historiese en aardrykskundige aspekte van die onderwys duideliker aan die leerlinge te toon.

Hierdie is maar 'n paar van die voorregte wat ons die kinders aanbied of wil aanbied en waarvoor ons skoolfonds benodig. Op 'n ander blad word 'n kort opsomming gegee van die Inkomstes en Uitgawes van die skoolfonds vir die jaar 1952.

H.A.Knaap.

INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING

SKOOLFONDS

1952.

UITGAWES		IMKOMSTE	
Skryfbehoeftes	£3.12. 4	Bydraes van leerlinge	£237. 7. 9
Vervoer kinders	£22.11. 4	Salarisse en lone	£12.12. 2
Drukwerk	£26. 8. 0	Snoepwinkel	£26.10. 1
Vraggeld	17. 5		
Posgelde & Tel.	£15.11.10		
Inskrywingsgelde	10. 0		
Mediese benodigdhede	£2.13. 0		
Huishoudkunde	5.10		
Bankkoste	£4. 4. 3		
Handboeke	£1. 2. 9		
Sport	£7.19. 0		
Meubels	£9. 4. 4		
Klavier	£62.17. 6		
Voordelige Saldo in Bank	£118.12. 5		
	£276.10. 0		£276.10. 0

ONS SKOOLBIBLIOTEEK

Dit is met geregverdigde trots dat ons aan die einde van hierdie eerste jaar in ons skoolbiblioteek kan instap, want die mooi versameling boeke verdien al die naam van 'n skoolbiblioteek in die ware sin van die woord. Die lokaal is maar 'n gewone klaskamer, maar dit bevredig tog.

Ons het die begin van die jaar om en by die vierhonderd boeke besit waarvan egter nog niks gekatalogiseer was nie en ons het toe dadelik aan die werk gespring. Gedurende pouses en smiddae is daar gewerk en gaandeweg het die netjiese rye boeke langer en langer geword. Blokke met die letters van die alfabet daarop en Deweyklassifikasienommers help om die boeke te groepeer, sodat die lesers maklik kan vind wat hulle woek.

Behalwe boeke wat ons aangekoop het, het ons ook die volgende skenkings ontvang. (Miskien gebedel, maar dit sê nie!):-

Van die T.O.D.-Biblioteekdiens 'n hele aantal duplikate van boeke wat hulle reeds besit;

van die T.O.D - magasyn 'n aantal los eksemplare;

van mnr. Geertsema die volledige jaargange van die „National Geographical Magazine" vanaf 1936. Dit is toe netjies ingebind deur die Departement en dit vorm 'n stel boeke wat seker nie maklik by enige skool gevind sal word nie. Ons is waarlik trots op die mooi stel.

Tans staan ons boeketal op 914.

Die biblioteek is smorens voor skool en gedurende pouses oop en word druk besoek. Die biblioteekprefekte hou self toesig en doen dit besonder goed.

Ons wil die biblioteek nie net vir ontspanning gebruik nie maar hoofsaaklik vir studie en is daarom baie bly dat Mejj. S. Meintjes en J. Pretorius gedurende die afgelope Oktober-vakansie die kursus in Biblioteekwese bygewoon het, waardeur hulle nou ten volle bekwaan is om aan die leerlinge boekopvoeding te gee.

J.A.v.d.Walt

-----oooOooo-----

KUNSWEDSTRYD.

Gedurende die jaar 1953 het ons 'n beskeie begin gemaak om aan die Afrikaanse kunswedstryd van Pretoria deel te neem.

Drie dogters, Martha Butler, Theodora Pretorius en Wilhelmina Booysen het ingeskryf in die afdeling solosang en dis bemoedigend om te vermeld dat hulle al drie sertifikate van verdienstelikheid verwerf het. Ook in die afdeling Afrikaanse voordrag het Martha Butler deelgeneem en goed gevaar.

Ons het daarin geslaag om ons skool aan Pretoria se skole bekend te stel en hoop dat hulle in die toekoms nog meer van ons sal hoor.

J.C.Pretorius.

-------oooOooo-------

Miena: Ek wil graag daardie rok in die venster aanpas.
Winkelbediende: Sal u nie liewer die kleedkamer gebruik nie?

Mammie: As ons altyd soet kindertjies is en ons gaan eendag dood, kry ons vlerkies waarmee ons kan vlieg.
Jannie: En sal ons dan nesmaak ook Mammie?

Moeder: Hoe vorder Jannie in die skool?
Meester: Stadig maar seker.
Moeder: Hoe bedoel u?
Meester: Leer stadig maar vergeet seker.

-------oooOooo-------

A T L E T I E K.

Die jaar 1953 loop vinnig ten einde. Dit is 'n jaar waarin daar baanbrekerswerk verrig is op die gebied van atletiek. Die personeel sowel as die leerlinge moes al hulle kragte inspan om die moeilike omstandighede waaronder hulle moes werk, die hoof te bied.

Verskillende faktore het daartoe bygedra dat die leerlinge nie die peil van afrigting bereik het wat ons as personeel beoog het nie:

Die oefenveld is eers die einde van die eerste kwartaal voltooi; gevolglik het baie kosbare oefentyd verlore gegaan. Die apparaat veral vir die veldnommers, het ver tekort geskiet. Die oefentye is verder beperk as gevolg van die vervoermoeilikhede. Die leerlinge was nie in staat om na skoolure te oefen nie en die oefening moes gedurende skoolure plaasvind. Om dit te bewerkstellig is beslag gelê op al die liggaamlike - opvoedingsperiodes. Verder is die periodes twee keer per week ingekort om 'n ekstra periode van 40 minute beskikbaar te stel vir oefening.

Die datum van die atletiekbyeenkoms is vasgestel op 12 Junie. Om die geesdrif en kompetisie aan te moedig, is die skool in drie Huise verdeel nl:

1. Amptenare

2. Burgers

3. Heemrade.

Die leerlinge het besonder ywerig aan die werk gespring - wat die atletiekoefening betref sowel as die oefening van liedjies wat sou dien as aansporing vir die verskillende huise. Die geesdrif van die spanne het dan ook hoog geloop.

Ten spyte van die beperkte tyd is daar verder 'n poging aangewend om 'n spesiale drag vir die atlete vas te stel. Ons dank aan die ouers

wat/.....

wat ons tegemoet gekom het deur die kinders in hierdie opsig te help. Dit het werklik 'n mooi indruk gemaak, toe die atlete, voor die verrigtinge van die dag begin het, in hulle netjiese drag aan 'n optog om die baan deelgeneem het.

Aan die einde van die dag se verrigtinge was die puntestand van die drie Huise as volg:

Amptenare	-	106
Heemrade	-	103
Burgers	-	99

Aan die Amptenare ons hartelike gelukwensing vir die mooi prestasie wat hulle behaal het. Verder wil ons ook die volgende leerlinge gelukwens wat daarin geslaag het om die meeste punte vir hulle Huis in te samel.

O. 14 Seuns:	P. Koekemoer - 15
O. 15 Seuns:	Jan de Vaal - 9
	I. v.d.Merwe - 10
O. 17 Seuns:	Johan de Vaal - 15
	J. v.d. Westhuizen - 15
O.14 Dogters:	H. Booysen - 15
O.15 Dogters:	W. Booysen - 15
O.16 Dogters:	S. Pieterse - 13

'n Spesiale woord van dank aan die Hoof en personeel vir hulle belangstelling en samewerking en ten slotte wil ons ook die ouers bedank vir hulle ondersteuning. Ons hoop egter om in die toekoms nog meer van die ouers by hierdie geleentheid te sien.

Dit is vir ons van besonder groot betekenis dat die Hoërskool Oos-Moot vanaf die begin van aan-

staande/.....

staande jaar lid sal wees van die Noord-Transvaal Hoërskool-Atletiekbond. Die personeel en leerlinge sal weereens al hulle kragte moet inspan om hierdie eerste groot publieke optrede op hierdie gebied, 'n sukses te maak.

S. Meintjes
R. de Villiers.

-------oooOooo-------

Piet: Kelner, verwyder hierdie eier

Kelner: Wat moet ek daarmee doen meneer?

Piet: Draai sy nek om.

Onderwyser: Wie was die eerste mens

Fanie: Jan van Riebeeck, meneer.

Onderwyser: Maar Fanie, die eerste mens was mos Adam.

Fanie: O, ek het nie geweet meneer bedoel uitlanders ook nie.


Wetenskap Onderwyser: Watter groot gedagte het deur Isaac Newton se brein geflits toe die appel op sy kop val?

Jannie: Hy het gedink: Dankie tog dit was nie 'n baksteen nie.

Om aan te toon hoe geweldig die groei van die bevolking van Sjina is, sê 'n onderwyseres: „Vir elke asemhaling wat ons maak word 'n klein sjinesie gebore".

Na 'n rukkie sien sy klein Sannie bloedrooi in die gesig en blou om die lippe. „Wat makeer Sannie?" vra sy.

„Ek versmoor 'n paar klein Sjinesies, Juffrou".



TANDE-TREK IS DOODSAKE, BOETIE!

Iemand wat nog nie self onderhewig was aan tandpyn nie, kan geen begrip vorm van al die smart en ellende wat 'n mens moet verduur nie. Ek sal nooit solank as wat ek leef, weer met iemand spot as hy tandpyn het nie. Daar ek dit nou self ondervind het, kan ek slegs simpatiseer met ander wat in daardie verknorsing beland.

Om u heeltemal duidelik te laat verstaan wat ek deurgemaak het, sal dit die beste wees om maar by die begin te begin. Ek is 'n vyftienjarige skooldogter. Uit meer as een persoon se mond moes ek al hoor dat ek 'n sogenaamde patetiese figuurtjie is. Selfs my „engelogies" kon tog darem niks aan die tandpyn wat eers dof, maar steeds erger geword het, doen nie.

Alhoewel ek later nie meer kon eet nie, wou ek onder geen omstandighede met my ouers praat oor die knaende tandpyn wat met rukke so erg geword het, dat ek nie 'n paar krokodiltrane kon bedwing nie. Snags wanneer ek veronderstel was om te slaap, het ek deur die huis geloop en „spook" totdat ek dan later van pure uitputting myself bedwaarts begewe om daar weer te lê en rondwoel.

Ten einde raad het ek uiteindelik besluit om maar in te gee en my ouers te verwittig van my pynlike ondervinding. Na 'n bejammerende: „My arme ou skatjie," het Pappie na die telefoon gestap en met die tandarts 'n afspraak gereël vir die

.volgende/.....

volgende dag. Aardetjie mense! Ek moet tandarts toe gaan! Oe! nooit, hoe kan ek dan toelaat dat die nare ou tandarts 'n tang in my mond druk en een van my tande wreed uitpluk? Allawêreld. Wat té erg is, is nou ten enemale te erg. Al my geredekawel en smeekbedes het niks gehelp nie. Dit kon net so wel op dowe ore geval het. Dit was nou klaar besluit. My tand moes uit.

As gevolg van al die kwellinge van die dag, raak ek daardie aand aan die slaap. Ek slaap nie heeltemal vas nie en al ylende begin ek droom. Ek sien hoe ek die trappe opklim na die tandarts se spreekkamers toe. My tande staan egter soos olifanttande uit. Seker 'n goeie drie voet lank. As ek effens gebukkend loop, stamp ek hulle teen die trappies. Daarby voel ek nog die vreeslike pyne en kan sien hoe die tande nog steeds besig is om langer te word. Die spreekkamers is 'n ou tronksel. Ek sien net spinnekoppe en spinnerakke sover as ek kyk. Voordat ek kan klop, kom die tandarts my tegemoet. Dit is 'n nare monster met die grynslag van die duiwel op sy gesig. In sy een hand hou hy 'n rooiwarm yster en 'n saag in die ander. Hy stoot my dan ook binne en daar beland ek op 'n stoel wat vinnig al in die rondte draai. Die man kom nader met die yster en ek skree. Ek probeer hom wegstamp, maar hy druk die yster op een van my tande en die tand ontplof!

Ek wip soos ek skrik toe ek soos 'n pampoen oor die vloer rol nadat ek met 'n geweldige slag op die vloer te lande kom.

Die volgende môre moes ek ewe gedwee maar saam met pappie stap na die tandarts toe. Voor die spreekkamers kom die tandarts ons tegemoet en die eerste ding wat ek doen, is om te kyk of hy nie iewers 'n warm yster versteek het nie. Niemand kon op daardie oomblik langer wees as ek nie. As ek ooit in my lewe pateties gelyk het, was dit seker op daardie oomblik. Die tandarts het sommer korte mette gemaak van die tand. Een, twee, drie het die tand dáár getrek en voordat ek nog kon „ma" sê, was die hele proses verby. Met 'n dankbare gevoel in my

hart/....

hart kon ek van die stoel afwip.

Toe ek verbaas uitroep: „Haai, dit was dan nie eers seer nie!" het Pappie vir my gelag en iets gemompel van verbeelding wat op die loop jaag met iets of iemand. Ek het nie juis mooi gehoor nie, maar ek gee nie om nie. Die ou nare tand is uit en oor die res kan iemand anders hom maar bekommer.

Rina Lötter

(st. 8.A)

STRANGE SEA CREATURES.

The sea, as we know it, is something lovely as well as interesting. It is the one thing which nearly everybody on earth wants to see.

We merely know the sea as a place for recreation, but do not know anything about the creatures which live in it, therefore I want to tell you something about a few of these wonderful creatures.

Sea-anemones, as we also call the sea creatures, are beautifully coloured. They look like brilliant corals and form gardens of fairy-like loveliness at the bottom of the sea. These creatures are of different types and sizes.

Let us take the sea cucumber. It looks like a giant caterpillar which is covered with warts. Another one is the Sea Horse. This creature has a head like a horse and a tail like a snake. It is bony and spiny, and has the colours of the weeds amongst which it lives.

The Porpoise is one of the friendliest of all the creatures. This creature is not a fish, but a mammal, like the whale. It has tiny ear openings on top of its head and it has a single nostril or blowhole which it uses when it comes to the surface to breathe.

The/.....

The Barracuda is something like a pike in appearance, with long pointed jaws which are well supplied with razor-like teeth. The smaller varities are edible and are dried and salted by the inhabitants of the Orkneys and Chetlands. The larger varities, which are found round the Australian coast, are extremely vicious.

W.Koekemoer
(St. 8 B)

--------oooOooo--------

Dan is Elsa in haar element.

Elsa, die natuurkind, is 'n besondere persoon wat 'n mens nie elke dag raakloop nie; tensy jy na die afgesonderde ou plaaswoning gaan, waar sy woon.

Soos haar gewoonte was, is sy nou weer op pad tussen die klowe deur om die natuur te bewonder. Dit is laat die agtermiddag.

Dit is doodstil hierdie tyd van die dag hier bo teen die hoë berge se hange. Die son begin al stadig wegsak tussen die twee koppe daarbo, links van die klowe. 'n kalme vrede heers hier in die natuur - ver weg van al die woelinge van die buitewêreld en die beskawing. Dit is Elsa se lewe hier in die mooi natuur, waar die voëls ook al hulle slaapplekke opsoek.

Die stilte is byna hoorbaar. Die laaste flou strale van die ondergaande son val soos 'n sluier van goudglans oor die ronde, blink klippies, wat oral tussen die berggras rondlê en geheel-en-al of gedeeltelik sigbaar is. As die son laag sit, lê daar elke aand 'n skemerblos op die berg, wanneer sy haar op hierdie groen vlakte bevind.

Hier waar sy op die punte van haar tone staan om die helder, vars aandlug in te asem, is 'n vogtigheid in haar oë te bespeur waardeur daar onuitspreeklike liefde en diepe verlange skemer. Haar oë staar heen oor die dynserige grysgroen bome teen 'n kleurige aandlug gesilhoeëtteer.

Vinnig het die skemerte neergedaal en toe besef hierdie plaasnooi eers dat sy huis se kant toe sal moet staan. Geïnspireer loop sy met die voetpaadjie huis toe in die verwagting dat daar môre nog so'n wonderskone dag mag wees.

Wera Botha
(St. 7a)

SPRING-TIME.

On September the 23rd, when the sun returns from $23\frac{1}{2}^{o}$ North of the equator to the equator the temperature rises and it gets warmer. Then we have the season before summer, and we talk of spring-time.

First I want to mention some of the advantages that spring-time offers us. This is the time when we get the first rains after the cold and dry winter, which leaves behind a world that is grey and empty. The rain enlivens it again and soon the fields are covered with a green blanket of grass. The trees burst into bloom. The rivers flow again and the farmers can use the water.

The farmers are responsible for food for human beings and animals, and the farmers can't grow anything if it does not rain.

Not long after the rains the farmers' lands are green with the crops planted for the new year.

Then it is also the time for the summer sports to begin. The rugby season is over and baseball and waterpolo start.

During weekends we camp in the loveliest and most comfortable spots we can find, to enjoy the scenery, and to swim if we like.

Besides all these advantages there are disadvantages as well. The flies and mosquitoes hatch, and they can be very troublesome, especially during the suffocatingly hot days and nights of summer.

During the winter we never think about the discomforts of summer, however, we eagerly await the spring-time, with the pleasant, warm days, which we all prefer.

Johan de Vaal
(St.8.A)

--------oooOooo--------

In die rekenkunde klas:
Antoon moenie jou kop so krap nie, jy sal splinters onder jou naels kry.

OU TOBIE LUG ENKELE GEDAGTES OOR ONS.

Stadig kom Tobie, ons huiskat, by die voordeur uit. Vlugtig bespied hy die omgewing; hy moet eers seker maak dat Blik, die brakhond, nie in die nabyheid is nie, alvorens hy sy lyf na buite waag.

„Ja, ou wêreld" sug hy, as hy behaaglik in die sagte kussings van die stoepbank wegsak, en hom luilekker uitrek.

„Nou sal ek maar gou so 'n rukkie moet dut, voordat die Oubaas weer hier is, want hy is so knorrig en wil 'n kat nou nie eers 'n rukkie in vrede laat rus nie.

Ja, die Oubaas darem; hy sou 'n doodgoeie man gewees het, as hy net 'n bietjie meer verdraagsaam teenoor ons katte wou wees. Ek wonder wat het ek gesondig dat hy my nie kan verdra nie? Kyk nou byvoorbeeld eergisternag, toe ek en die ander katte van die buurt so 'n klein konsertjie wou hou. Waar kan 'n mens (of liewer, 'n kat) nou 'n beter plek vir 'n verhoog kry, as die paalheining voor Oubaas-hulle se kamervenster? Maar toe die konsert nou op sy joligste was en ons die nag probeer opvrolik met gesamentlike sang, het die venster oopgevlieg en die Oubaas se swaar stewel het deur die lug geseil en my teen die blad getref, sodat ek soos 'n vrot vel bo van die heining afgetrek het." Saggies lek hy die plek waar die stewel hom getref het.

„Klein Piet aard ook so reg na sy pa; hy is net 'n bietjie erger. Genade! Geen fatsoenlike kat kan dit hou soos hy tekere gaan nie. Hy wil my nou ook net vermoor omdat ek gister daardie kapokhennetjie se kuikens doodgebyt het. Maar sy het daarna gesoek. Reken, sy sit sommer 'n keel op toe ek met een van haar kinders wou speel. Ek het my sommer op die plek vervies en een na die ander kuiken bygeloop, en daar lê almal, bene in die lug. Maar as die hen haar nie soos 'n leë blik gedra het nie, sou sy vandag nog al haar kinders gehad het," probeer hy sy gedrag goedpraat.

„Dit lyk vir my al persoon in hierdie huis

wat/.....

wat weet wat hy doen, is die baba. Hy loop tog op vier voete en nie op twee nie. Maar hy begin ook al om op sy agterpote te staan. Maar dit kan ook nie anders nie; hierdie huis moet 'n verkeerde invloed op hom hê."

Verontwaardig kap hy na sy snorbaard by die die gedagte dat hy gedwing is om in so 'n verderflike plek te moet bly.

Ai! die son trek water en die Ounooi sal seker nou-nou begin kos op die stoof sit. Dan sal sy weer so 'n flentertjie vleis op die grond laat val. Ha-ha! die ounooi is maar die beste van die hele klomp.

Op daardie oomblik klap die tuinhekkie toe en Tobie skrik hom boeglam as die Oubaas se rasperstem hier agter hom „K-a-a-a-t-s!"

Verward spring hy dwars oor die bank se leuning, stamp sy kop geweldig hard teen die muur en skuif dan oor die gladde stoep. In sy haas om weg te kom „gierts-gierts" sy pote onder hom en slaan hy weer neer.

Verleë staan hy op, maar as hy sien die Oubaas het al in die huis verdwyn, prewel hy: „Nee kyk, ek het by hierdie huis al genoeg vernederings ondergaan; as dit nie was dat ek so onontbeerlik hier was nie, sou ek lankal die stof van hierdie plek van my voete afgeskud het en die wa-pad my woning gemaak het."

Marthinus Liebenberg
(St. 7A)

-------ooeOooo-------

Twee gamats het die aand laat in die strate rondgeslenter, met die gevolg dat hulle nie slaapplek gehad het nie. Hulle gaan slaap toe op die treinspoor. Die een gamat het in sy slaap afgerol, maar die ander een het netso op die spoor bly lê. In die nag kom daar 'n trein verby en ry die een gamat in drie stukke. Toe sy maat die anderdagmôre wakker word, kyk hy die stukke liggaam so en vra: „Haai, gamat, ek sê, hoekom slaap djy so vê ytmekaa, hê?

Johannes Booysen
(St. 7 A)

ELEPHANTS IN THE PARK

The Kruger National Park has become one of the world's best known wild life sanctuaries and South Africa's greatest single tourist attraction.

When we were some of the thousands of people who visited this wild life sanctuary two years ago, the elephants were our favourite animals. In the Kruger National Park the elephants are seen in their greatest numbers near the Mopani bush. My father stopped there for two hours, and waited for the animals to move into positions suitable for photography. An old bull meandered into the sandy river-bed, thirty feet from us, where he noisily scooped up sand in his trunk, blowing it with delight over his massive body.

Hours later, tired of playing, he walked up to the tall trees and thick undergrowth and disappeared into the bush.

I wish my father would go to the Kruger National Park again, and I would like to see the elephants again. They are very interesting to watch, and I'm sure they find us interesting to watch too!

Susanna le Roux
(St. 8.B)

--------oooOooo--------

Persoonlikhede van die St. 7 B-meisies.

Andriesa:	Maar, Jan de Vaal, sal jy asseblief ophou met my?
Fienie:	O jete, ek het weer nie my „houmies" gedoen nie.
Jacoba:	Niemand kan by my kers vashou wat Boekhou aanbetref nie.
Wilhelmina:	Vandag is die dag wat hy die „Bloue" gaan kry!
Vesta en Hedwig:	„Stille waters ..... diepe grond."
Anna:	Ek is tog die beste stoeier in ons klas.
Rebecca:	Juffrou, ek het alweer my naaldwerk vergeet.
Sofie:	„Op die vyeboom sit die vabond, so sedig soos 'n predikant.
Gisela:	Afrikaans sit my pens en pootjies in die bed.

Adeline Viljoen (7B)

OUT TRIP TO THE GAME RESERVE.

It was late in the morning when we arrived at the gate of the Game Reserve. We were all very excited because in a minute or two we would see the first wild animals.

The first animals we saw were some partridges. They were close to the bus. We hadn't gone far before we saw some Zebras. We also saw many buck. There were different kinds of buck, Koedoes, Gemsbuck, Waterbuck and others. At the hippopool one can leave the cars and walk to the pool where the hippos are.

When we came at the hippopool, we left the bus and walked to the hippos. We were about twenty yards from the hippos. There were nineteen of them in the pool. When we came back from the pool, we lunched and then went on our way. Late in the afternoon we arrived at Skukuza rest camp. It was very hot there. We stayed there for three days. Then Mr. Erasmus decided that we should go to Letaba. Letaba is nearly a hundred miles from Skukuza.

Early on the Wednesday morning we were on our way to Letaba. Along the road we saw a hyena that was eating a buck. There were many vultures in the trees near by. We also saw giraffes, lions, elephants and other animals. The baboons took cakes and other edibles from the people. When we were near the rest camp, an elephant chased us. Mr. v.d. Walt drove very fast and we never saw the elephant again.

It was late when we arrived at Letaba. The people told us that the elephants were near the camp. We went to the fence and we saw the elephants While we were in the Game Reserve, Rebecca Botha had mumps, and the girls who had had mumps, slept in her tent. Some of the other girls slept in the other tent, and the Pretorius twins, Violet, Marie, Cornelia and I slept in the bus.

We bought films and took photos, and we wanted to take one of Rebecca, but she refused,

because/....

because there was a piece of white material round her neck. Violet took the camera, and I told her to show me how to take photos. Rebecca was with us. Violet showed me how, but I told Rebecca to stand away, so that I could see. When she stood in front of the camera, we quickly snapped her. She was very angry with us.

One night we held a campfire concert. There were people from the other tents to see the concert. The next night there was a film about the animals of the Game Reserve, and we went to see it.

Early Friday morning we were on our way to Pretoria again, quite satisfied with what we had seen.

Cornelia Steyn
(St. 7 C)

-------oooOooo-------

ONS SKOOL.

Ons is besig om stof te vergaar
vir die Jaarblad in die eerste jaar.
Die skool is gestig,
twee winters, een-en-'n-half somer t'rug.

Die ou skool was byna perfek,
toe moes ons weer daarvandaan trek;
maar hier sal ons ook nie baie lank bly,
dan gaan ons weer 'n nuwe kry.

Miskien drie skole in vyf jaar!
So sal die Departement nie juis spaar.
Ek hoop dat dit met ons goed sall gaan,
en ons vir die jongeres die weg sal baan.

Mientjie Booysen
(St. 7A)

Toe 'n dronk man by sy huis aankom, ontmoet sy vrou, in 'n laken toegedraai, hom by die deur.
Vrou: „Ek is die duiwel."
Man: „Vat so, ou pellie, ek is met jou suster getroud."

AS DIE PLAAS ROEP,
KAN 'N BOERSEUN NIE DOOF WEES NIE.

Ek is met vakansie op ons plaas in die bosveld. Ek, 'n man van vier-en-dertig, is 'n stedeling van my sestiende jaar af. Dit is min dat ek die geleentheid het om my vakansie op 'n plaas soos hierdie deur te bring.

Van kindsbeen af was ek 'n bewonderaar van die natuur en die hemelruim. Ook geen wonder dan dat ek vanaand hier waar ek staan, bo-op 'n randjie, reg wes van die huis, die son wat besig is om weg te sink in die weste, staan en bewonder nie. Die lugruim word rooi en pers gekleur en die enkele wolke het 'n pragtige silwerrand. Hiervandaan sien ek ook die wuiwende graan op die lande waar die voëljaers 'n laaste geraas maak om die vinke die skrik op die lyf te jaag.

Ver in die weste skree 'n paar jakkalse en deur die lug streep 'n paar bosluisvoëls na hul slaaptakke langs die spruitjie, waar nou die gekwetter van vinke begin stiller raak. Hier reg onder my lui die klok wat om 'n bees se nek lang, en wat aandui dat die beeste in aantog is na die krale toe.

Ook hoor ek die geblêr van skape en sien die gebokspring van lammertjies en kalfies.

Hoeveel vryer kan die voëls van die hemel en die diere van die veld en die boere op die plase nie beweeg as ons arme stedelinge nie? Hoe min sien ons 'n sonsondergang soos hierdie vanaand? Nee, ek was nog nooit tevrede met die lewe in die stad nie, en nog minder sal ek gelukkig wees as ek terugkeer daarheen.

Ek het genoeg geld gespaar om vir my 'n goeie plaas in diè omgewing te koop. Ek sal die stad vaarwel toeroep en my vir goed op 'n plaas kom vestig, want alleen dan kan ek elke aand as die skemer daal, my nog meer verlustig in wat die natuur my bied.

Willem Koekemoer(St.8B)

--------oooOooo--------

THE PLANET JUPITER.

Jupiter is the biggest of all the planets, it has about eleven times the diameter of the earth, which means we can put thirteen hundred earths inside Jupiter. Strange as it seems, only three hundred earths are necessary to balance it. You can never see the real ground; which is probably covered with thousands of miles of clouds and gases.

Our earth measures twenty six miles shorter from pole to pole than around the equator, but the difference on Jupiter is six thousand miles.

Jupiter also has four large moons and five small ones. The moon closest to Jupiter is a little further from it than the moon is from the earth. All those moons put together do not give such bright light as ours does, the reason for that is that Jupiter is much further from the sun than our moon is.

Kasper du Preez
(St. 8B)

-------oooOooo-------

GELUK.

Geluk is soos 'n soete droom,
soos wilgers langs 'n waterstroom,
waarin die voëltjies vrolik sing -
so't jy vir my geluk gebring.

Stadig het dit opgebeur
soos varings wat deur rotse skeur.
Iets te diep om oor na te dink -
soos nektar uit 'n blom gedrink.

So't jy geluk aan my gegee,
met 'n bossie rose mee.
Ek het jou nog nooit hartlik bedank,
al smaak ek geluk reed jare lank.

Mientjie Booysen
(St. 7A)

'N DONDERSTORM

Stadig sak die middagson dof agter die rante weg; klaar met sy pligte van die dag.

Die stilte van die middag word versteur deur 'n plesierige windjie wat deur die bome om die huis sy aandliedjies sing. Al wat venster en deur is word toegemaak. 'n Hen met haar kuikens verwaai deur die wind, sukkel swaar om skuiling te vind. Donker-rooi stofstorms dwarrel op die werf rond, met 'n uitdagende gebaar, dat die mens sy kragte moet kom meet met die natuur. Eers begin die vensterrame rammel en die wind fluit 'n droewige deuntjie deur die sleutelgat, maar dit bly nie daar nie, O! nee, ou Jonas se hut moet ook deurloop. Die lang sipres-bome om sy hut, buig gehoorsaam met die wind na vore, maar die gras en mure bied weerstand.

'n Ou verflenterde klonkie wat besig was om besems te verkoop, trek sy hoedjie styf oor die oë en laat sy paar horrelbeentjies soos 'n hoepel oor die aarde rol na die naaste hut.

Al brommend en grommend soos 'n verergde reus se stem, kom die donder aangerol. Swaar vogdraende wolke pak saam, wat die flou strale van die son verduister. Vurige blitse steek na die aarde, asof die natuur hom wil wreek. Dit verblind die menslike oog. Dan volg 'n harde slag wat die grond laat bewe; die wolke skeur oop en..... reën daal neer. Eers as 'n mens in hierdie benoudheid verkeer dan besef jy wat is die mens gereken teen die almag van God.

Kalmer word die storm nou buite, en reëndruppels pik teen die ruite. Net waar 'n mens se oog ookal mag val, is blink plasse water en voor die deur, twee groot takke afgeskeur op die grond. Sagter val die reëntjie nou buite totdat dit eindelik ook bedaar.

Op die hoek van die straat blaf 'n natgereënde brak, after die hakke van 'n kaffertjie wat plas-plas in die water afstap na sy waentjie waar hy dit langs die straat parkeer het, toe die storm op hom neergesak het.

Petrus Marais
(St. 7.B)

TOE DIE GROOT OLIFANT MY WOU TRAP!

(ervaring uit die wildtuin-toer)

Na 'n lang gesukkel het elkeen sy seiltjie gekry, waarop hy moes slaap. Daar was 'n hele paar leë tente, en 'n paar van die kinders kon in een van die tente gaan slaap het, want op Letaba kom nie baie besoekers wat die tente kan gebruik nie.

Dit was ook net 'n rukkie daarna, of elkeen was in droomland.

Ek weet nie hoe lank ek geslaap het nie, maar ek het wakkergeskrik, met die duidelike geklap en gesleep van iets, nog in my ore.


My eerste gedagte was dat dit 'n olifant was wat met sy slurp daardie sleep-geluide gemaak het. Vroeër die aand het ons gehoor dat olifante, leeus en hiënas gereelde besoekers van die kamp was.

Die geskuif het aangehou. Sweetdruppels het op my voorkop gevorm en stadig afgerol, want dit was baie warm, en nou nog die angs! 'n Harde geklap laat my regop sit. Gespanne probeer ek met my oë die donker deurboor. Die geskuif het nou al nader geklink. Ek merk toe dat daar 'n hele paar nuuskierige koppe opgetel word, wat ook die geluide gehoor het. Met meer moed begin ek vryelik asem te haal, maar ek vrees die oomblik wanneer die ding hier gaan instorm.

Dadelik soek ek na iets om die punte van die seil mee vas te maak. Ek kry eindelik 'n plank in die hande, val na die seil en gryp dit haastig ... en slaak 'n sug van verligting. Na 'n paar sekondes het dit eindelik tot my suwwe brein deurgedring, dat dit maar net die wind was, wat die los punte van die tent heen en weer gewaai het.

Na 'n paar nuuskierige vrae het ek 'n rukkie later aan die slaap geraak - maar julle sien, ek was byna bokveld toe!

Jane Schoeman
(St. VII A)



EKSAMENWYSHEID.

Antwoorde nasien is ellendige werk, maar dit word verlig as die onderwyser sy sin vir die humoristiese behou en oor wyshede soos hieronder nog kan lag:

1. 'n Leerling sê jy beruik jou doel. (Dit laat my hondse gedagtes kry! - Red.)

2. Die verkleinwoord van pa is papie. (En die kind wat so skryf, is dan seker die mot. - Red.)

3. Voertuie wat oorlogsvoorrade vervoer, is nie meer 'n konvooi nie maar 'n „amie"!

4. 'n String pêrels het ondertussen verander van 'n snoer na 'n „neklees."

5. 'n Stad word volgens die jong geslag nie meer deur 'n bombardement verwoes nie maar deur 'n „bombasie" of - nog erger, deur 'n „bombarnasie." (En dit veroorsaak seker 'n bibberasie by die nasie - Red.)

6. 'n Dogter het weg geraak en die familie was so droewig dat hulle „ooie" eintlik rooi gehuil was. (Waarom nie hulle koeie nie? - Red.)

7. 'n Paaiboelie is 'n „bollie" wat paai en dan „bollie" hy weer. (Haai! - Red.)

-------ooeOooo-------

AAI, DIE „AAI" IN ENGELS.

My juffrou sê elke dag vir my: „Jou Engels is putrid, jou pronunciation is uiters ellendig. Hoekom vat jy nie 'n Engelse dictionary en leer daaruit die korrekte pronunciation van woorde en klanke nie?".

Ek wil nie hê my juffrou moet my elke dag sleg sê nie en het toe besluit om 'n Engelse dictionary te vat en daaruit die regte pronunciations te leer. Ek vat toe die letter „i", wat in Engels „aai" is, en leer toe somaar baie, b.v.

i in lice word gepronounce „aai"
y in try word gepronounce „aai"
ei in either word gepronounce „aai"
igh in high word gepronounce „aai"
ai in aisle word gepronounce „aai"
eye in oog word gepronounce „aai"
ye in dye word gepronounce „aai"
ig in align word gepronounce „aai"
ay in ay (beteken yes) word gepronounce „aai"

Ek leer toe dat „I" wat „aai" is op tien verskillende maniere geskryf kan word. Nou weet ek somaar baie en pak daardie huiswerk vol moed aan. Dit was 'n brief in antwoord op 'n koerant-advertensie. Hier is dit:

Dear Sir,

In repligh to your advert. in the "Sunday Tyemes" of the 15th instant, eye wish to appli for the post of senior teipist in your office. Ai am capable of doing ayther shorthand or snel-skrif. Ie trust ig will be favourably considered for this teiping post as ai regard tighping as one of my leyef's ydeals.

Eye remain,
Yours for ever traying,

Eyesaac Ignstain.

My juffrou was baie kwaad. My brief berooi soos die slagpale op 'n Saterdagoggend. Vir daardie brief nul uit tien. Ag nee wat, red nou 'n Afrikanerseun met 'n taal soos daai of di of digh!!

„Moedeloos"

'N BESOEK AAN DIE KRUGER-WILDTUIN.

„Meneer, my pa het gevra met watter bus gaan ons Wildtuin toe," het dit weereens in my ore geklink, 'n paar dae voor ons vertrek. Aan hierdie vraag was ek reeds teen daardie tyd gewoon. Dit was nie eers nodig om te vra waarom die pa dan so'n vraag stel nie. Almal wat dié vraag gestel het, was bevrees dat ons met die skoolbus, wat ons kinders vervoer, sou ry. Hy sou nie Bronkhorstspruit haal nie! „Nee Kinta, sê maar vir jou pa ons ry met 'n ander bus. Dis 'n goeie bus, en julle hoef nie bevrees te wees nie." „Nee, dan's dit reg, Meneer, ons wou het seker gemaak het, want my pa wil ons nie laat saamgaan as one met diéeen ry nie," en hoogstevrede stap kinta daar weg.

Toe ons vroeg die môre van ons vertrek by 'n afspraakplek stilhou, het 'n ander vraag my keel laat nouer trek: „Sal jy almal hier inkry? Party van julle sal moet voetslaan!" „Nee, wat, Oom, ons moet nou maar so holder-ste-bolder inklim. Ons sal hulle vorentoe laat regsit." So het ons dan ook al die moeilikheidjies uit die weg geruim gekry en voordat baie tyd verlore gegaan het, het elkeen gemaklik gesit, en ons was op pad: „So ja, nou kan mens weer asem haal. Sing,kinders, sing, ons gaan mos nou vakansie hou!"

Dis nie aldag lekker om skoolmeester te wees nie, maar as jy nog half-nat van die sweet, uit alle rigtings hande sien nader met hoenderboutjies, vleistertjies, koekies en nog baie ander lekkernye, dan hou jy met albei arms styf vas om die nek van jou skoolmeesterskap. Dan wil jy net al jou kinders laat skoolmeester word.

Naby Machadadorp het ons reeds besef dat, hoewel ons heeltemal voorspoedig gery het, ons nie Witrivier, met son sou haal nie, en ons moes voor sononder kamp opslaan. Ons sou net vir elkeen 'n beker koffie maak en dan maar gaan slaap. Dit was hierdie gedagte, wat my weer byna die asem ontneem het: Ek het al die potte, emmers en wasskottels in Pretoria vergeet! Dit was nog donker toe ons die kosvoorrade en tente in die bus gelaai het, en die potte het vergete gebly.

Gelukkig/.....

Gelukkig kan 'n Boer 'n plan maak. Diebusbestuurder het sy 4-gelling-waterkan aangebied vir koffiemaak en potte sou ons wel in die Wildtuin te leen of te huur kry.

Toe die kwaai steiltes by Montrose die bus se remme laat brand, het ons besluit om by die eerste waterstroompie te kampeer. 'n Duimryer, wat vlakby ons gestaan en duimwys het, het aangebied om vir ons 'n mooi plekkie te gaan wys. Ons seuns het in allerhaas tente opgeslaan, terwyl die dogters gehelp het met die afpakkery.

Voordat die aand baie ver gevorder het, het elkeen 'n lêplek gehad. 'n Ongekende opgewondenheid het onder die kinders geheers. Slaap was daar nie. Bowendien het die flitslig hulle gewaarsku as ek wou nadersluip om die „raasbekke" te vang. As jy daar kom, lê almal ewe onskuldig vas aan die slaap. Dit was reeds byna middernag en nadat alle middels beproef is, het 'n blink gedagte my te binne geskiet. „Nou sal ek julle regkry. Diè van julle wat nie wil slaap nie, kan sy kombers omhang en daar by my bed kom wakker staan. Ek het klaar gepraat."

Dis byna onnodig om te sê. dat dit nooit weer op die hele toer nodig was om hierdie uitnodiging te herhaal nie en ek het nooit 'n „wag" by my bed gehad nie.

Toe ons Sondagmiddag voor die ingang van die Wildtuin stilhou, was almal opgewonde. 'n Vermaning, dat ons almal stilte wil hê, omdat 'n leeu ons kan bestorm of dat 'n olifant die bus kan omgooi as hy iemand hoor praat, het die gewenste uitwerking gehad. Toe ons 'n rukkie later met die voetpaadjie deur die digte riete afgaan na die seekoeigat, was almal so stil, dat ek kans gesien het om met almal by my 'n koedoe buite die Wildtuin te bekruip.

Toe ons in die namiddag op Skukuza kom, het ons reeds baie wild gesien. Ons het kampplek gesoek en die seuns kon reeds alleen die tente opslaan. By die Brakpanse Voortrekkers kon ons 'n groot pot leen, sodat ons daardie aand ons eerste behoorlike maaltyd kon nuttig.

Op/.....

Van Skukuza het ons dikwels uitgery en baie wild gesien - olifante, seekoeie, koedoes, waterbokke, kwaggas en nog baie meer. Daar het een van ons dogters siek geword aan pampoentjies en moes ons baie versigtig met haar wees. Daar het ons broodkrummels vir die visse gegooi, en speletjies gespeel en gesing en daar het ons twee rolprente oor die Nasionale Parke van ons land gesien - Daar, hoor ons, het volgens die rolprenttradisie in Pretoria, verskeie romanses begin!

Ons het Woensdagmore in die reent na Letaba gery en langs die pad gesien hoedat 'n wolf sy knapsak volprop met oorskiet-bene en vleis van die leeus se tafel. Ons het by Satara uitgespan en naby Olifantsrivier gesien hoedat mense 'n olifant terg en dan wegjaag as hy op hulle motors afstorm. Ons het self moes wag en naderhand moes jaag om by hom verby te kom. Ons bestuurder het self, toe hy die olifant in die spieël sien aanstorm na ons toe, vooroor op die stuurwiel geleun en met sy linkerhand aan knoppies gedruk en getrek wat hy nooit elders op die pad aangeraak het nie! Die „Onnie" was die enigste wat kalm gebly het, want wie word dan nou bang vir 'n olifant! Ek hou van die man wat kalm bly.

Toe ons by Letaba aankom, het die opsigter ons gewaarsku dat leeus die twee vorige nagte in die kamp was, tussen die tente en hutte. Ons moes die tentklappe styf vasknoop, het hy gesê. Dit was net so na die smaak van ons brawe seuns. Almal wou wagstaan. Twee vure het toe ook deur die nag gebrand en die seuns het om die beurt waggestaan. Ons het gerus geslaap en die dogters het nie eers hulle tentklappe toegehaak nie!

Daardie nag was 'n paar van ons wagte so gelukkig om 'n leeu naby die vuur te sien verby loop. Iemand van hulle, wat 'n opskudding die volgende dag wou vermy het stilletjies agter die leeu aangestap en sy spore doodgevee. Toe sy maats die volgende môre wou paniek stig, het hulle verleë gestaan omdat ons nêrens 'n spoor kon vind nie!

Op/....

Op Letaba was dit lekker. Ons het in die kamp gestaan en die wild net buite gesien. Ons het daar 'n lekker kampvuurkonsert gehou en daarmee die toeskouers se harte gesteel. Ons het daar vriendelikheid en gasvryheid geniet. - Ons sal tannie Steyn en Oom Meyer altyd onthou.

Vyf seuns het die laaste nag alleen waggestaan, koffie gemaak en beskuit geêet - hulle het glad nie gaan slaap nie, en het darem 'n jakkals gejaag tussen die tente deur!

Ons was seker almal jammer dat ons Vrydagmore weer die terugreis moes aanvaar. Ons het swaar afskeid geneem van Letaba met sy gasvrye en hulpvaardige omies en tannies.

Ons terugreis was voorspoedig. Naby Munnik het ons by oom en tante V.d.Lith kookwater gekry vir koffie. Op hulle werf het ons geëet en ons reis in die donker voortgesit. Halfvyf Saterdagmore was ons veilig terug in Pretoria.

Graag wil ek langs hierdie weg dankie sê aan die ouers vir die vertroue in ons gestel, deur hulle kinders aan ons sorg toe te vertrou. Dankie vir die vriendelike goeie wense met ons vertrek en vir al die lekkernye wat hulle vir ons saamgegee het.

Ons besondere dank aan die prefekte wat ons so getrou gehelp het. Dankie vir al die kinders wat so mooi saamgewerk het en gehelp het oral op die reis en ook hulle wat so mooi na Basie gekyk het.


Baie dankie aan Mev. Strydom en mnr. V.d. Walt, wat so baie gedoen het om die toer te laat slaag. Ons is baie dank verskuldig aan Mev.Strydom veral omdat ons weet dat haar gesondheid dit skaars toegelaat het dat sy kon saamgaan.

J½G.Erasmus

-------oooOooo-------

'n Jong soldaatjie het met sy nooientjie 'n wandeling gemaak toe hy skielik 'n sersant gewaar: „Dis my suster", sê hy ewe vrymoedig. „Alles in orde", antwoord die sersant, „sy was vroeër myne."

ONS BLOKKIESRAAISEL.



H.A.Knaap,

Vir sleutel en leidrade sien volgende bladsy.

Vir die eerste korrekte oplossing wat ons 7 dae na verskyning van hierdie blad open, sal 'n mooi boek-prys toegeken word. Alle oplossings moet in koeverte toegeplak, aan Mnr. Knaap oorhandig word.

BLOKKIESRAAISEL.

AF.

1 en 10 af: Belangrike vakke in ons skool.
3. Waar monnike bly.
4. Nie ja nie.
5. U dieselfde of Houtwerk onderwyser deurmekaar.
6. Eerste vyf letters van bekende sigaar.
7. Moenie twee rol nie.
2A. Outydse wapens deurmekaar.
8. Ook tuiste deurmekaar.
9. Verkorting vir arts.
11. Toets van gewigte en mate.
12. As iemand N.Sotho ken is dit hy.
13. Het baie te doen met 1 af.
14. 'n Mannetjie in skaak.
15. Totale verkopings (Toe nou Boekhouers)
16. Wat ons dikwels i.p.v. dank kry.
17. Dis geskiedenis dat hy Aardrykskunde gee.
18. Die spil om wie alles in die skool draai.
19. Betaling (omgekeerd)
20. Verkorting (tydperk)
21. Ons woon almal daarop.
22. Wat ons nie kan sien nie.
24. Jy (baie hoogdrawend) Hollands.
25. Was nie, sal nie wees nie, maar....
26. As jy hoër wil bykom moet jy (2 woorde)
27. 'n Voegwoord.
28. Sy werk.
29. Saam met 31 oorkruis 'n fyn gesiggie.
30. Op sekere hond se rug.
31. Behalwe i is almal hier.
32. Met 3 middelste letters van 18 af kan dit 'n huishoudkundige vorm.
23. Vrouelike vorm van Eng.of Sang Onderwyseres.

BLOKKIES-RAAISEL.

OORKRUIS.

2. Ook genoem Grandpa.
9. Liggaamsdele.
31. Tesame met 29 af 'n fyn gesiggie.
32. Tegniese woord vir opening.
33. Verkorting vir rekenkunde.
34. Voeg 'n S by en hy gee Wetenskap.
35. Sertifisering.
36. Gee ook Engels.
37. Bloed doen dit soms.
38. Hoogholands vir as.
39. Ander Engelse woord vir „fuss"
40. Omgekeerd van 27 af.
41. Volgens vrouens onmisbare ergernisse.
42. Verkorting vir opvoedkunde.
19. Omgekeerde van misgun.
43. Wat 34 oorkruis gee.
44. Verkorting omgekeerde dominee.
45. Pyn of smart.
46. Nou ER maar vroeër .....
24. Lastig-vallery of geneulery.
27. Ek sien jou na ....
28. So suur as ....
47. Hy kom van oorlog terug sonder ....
48. Amper nie.
50. Waar mens kaarte kry (deurmekaar)
51. Engelse verkorting: Transvaalse Onderwysdepartement.
53. Sonder hulle geen dale.
54. Deurdruk sukses toe.
55. Afskeidsgroete
56. Oes.
57. Hierdie plus -fin sou Wallabies baie help.
58. Verantwoordelik vir snel- en tikskrif.

Tel. 2-6614 2-5407

J. F. VENTER (EDMS.) BPK.

ALGEMENE HANDELAARS

CAPITAL PARK ——— PRETORA

★ *Vir diens en vriendelike behandeling,*
kom na die winkel waar
u alles kan kry.

Leweransiers aan : **O.H.V.S., KOOPKRAG, „BUY AID", YSKOR**

DRIE REDES WAAROM MENSE GRAAG BY

UNIE-BOEKHANDEL

KOOP :—

* * *

1. *Beleefde en vinnige bediening*
2. *Kompeterende pryse*
3. *Groot verskeidenheid in Boeke sowel as Skryfbehoeftes.*

UNIE-BOEKHANDEL (EDMS.) BPK.

KERKSTRAAT 236, FOON 3-1228

PRETORIA

DIE LIBRI-REEKS
VAN KLASIEKE JEUGLEKTEUR

Die Libri-reeks bied aan die Afrikaanse jeug van die bekendste werke uit die klassieke. Dis boeke wat deur hul inhoud en styl reeds vir baie jare jongmense oor die hele wêreld geboei het.

Die volgende titels verskyn in hierdie reeks :

1. **ALLEEN OP DIE WÊRELD,** Hector Malot 7/6
2. **SKATEILEND,** Robert Louis Stevenson 7/6
3. **DIE SWART TULP,** Alexander Dumas 7/6
4. **DIE KON-TIKI EKSPEDISIE,** Thor Heyerdahl 9/6
5. **BEN-HUR,** Lewis Wallace 9/6
6. **DIE AVONTURE VAN TOM SAWYER,** Mark Twain 8/6
7. **DIE FAMILIE ROBINSON,** Johan Rudolf Wyss .... In bewerking
8. **MET SCOTT NA DIE SUIDPOOL,** Adm. E. R. G. R. Mountevans 9/6
9. **20,000 MYL ONDER DIE SEE,** Jules Verne .... In bewerking
10. **DIE AVONTURE VAN SHERLOCK HOLMES,** Sir Arthur Conan Doyle .... In bewerking
11. **DIE BYESTAD,** Frank Stuart 9/6
12. **DIE KINDERS VAN DIE GROOT SNEEUVELD,** Laura Pitinghoff 8/6
13. **SHERLOCK HOLMES OP DIE SPOOR,** Sir Arthur Conan Doyle In bewerking
14. **DIE SKARLAKEN PIMPERNEL,** Barones Orczy .... In bewerking

ANDER TITELS IN VOORBEREIDING.

DIE VAN SCHAIK-BOEKHANDEL

LIBRIGEBOU **POSBUS 724**

PRETORIA